

**18 Augustus**

**1 Kronieke 22**

**Doen slegs die Here se wil**

Dawid is nou weer bekeer van sy hoogmoed. Alles in sy lewe draai nou weer slegs om die eer van die Here. Hy gebruik al sy tyd en energie om die tempel te beplan en voorbereidings vir die bou daarvan te tref.

Dawid se erkenning van die almag van God spreek daaruit dat hy die dorsvloer van Arauna kies as die plek waar die tempel gebou moes word. Dit was immers die plek waar die engel van God gaan staan het en nie vir Jerusalem met die plaag getref het nie.

Dawid leer nou die les wat hy self op 'n harde manier weer moes leer aan sy seun Salomo. "Jy sal voorspoed hê net as jy sorg dra dat die voorskrifte en bepalings wat die Here vir Moses in verband met Israel gegee het, nagekom word" (1 Kron 22:13). Suksesvolle koningskap hang nie af van menslike insig en strategie nie, maar van die erkenning van die ware Koning en sy wil.

Dit geld vir alle beroepe en lewensomstandighede. Ons lewe en werk staan in God se diens. Die sleutel tot ware sukses is om dit te erken. Dit is egter vir ons baie moeilik, aangesien ons dan ook moet erken dat sukses in ons lewe nie ons sukses is nie, maar God s'n. En ons wil tog so graag self suksesvol wees! Tog is dit so geweldig bevrydend. Al die spanning, maagsere, hartaanvalle en senuweeprobleme kom tot 'n einde. Want alleen hulle wat alles in die krag van God doen, kan ook waarlik die tweede deel van die opdrag van 1 Kronieke 22:13 uitvoer: "Wees sterk en staan vas. Moenie bang wees nie en moenie besorg wees nie."

*Sing: Psalm 34:6,7*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*